

Kinders en Korona: Riglyne vir ouers

Prof. Gertie Pretorius: “Bly kalm. Ken die feite aangaande die koronavirus en verduidelik al die voorsorgmaatreëls aan jou kinders, maar dan op hul ontwikkelingsvlak.”

Hennie Vorster: “Kweek in hierdie krisistye geloof en hoop by jou kinders. Voer gesprekke met hulle oor hoe die Here ons nog altyd deur krisisse gedra het en hoe Hy ons beskerm. Daar is baie positiewe stories in hierdie tyd, wat aan kinders vertel moet word. Kinders leer deur hul ouers se voorbeeld, bid en lees Bybel. Praat positief en wys jou afhanklikheid.”

Ds. Fanie Kriel: “Laat jou kinders geliefd en geborge voel. Kinders moet weet dat hul ouers hul liefhet en dat die gesinslede mekaar liefhet. Versterk die soort vastigheid wat hulle tuis beleef deur hulle gereeld vas te hou.

Lig jou kinders in oor die gevare van die koronavirus, maar op so ‘n wyse dat hulle nie angstigheid by jou sien nie. Ouers is hul kinders se sekuriteit en kinders sien die lewe deur hul ouers se oë. Wanneer die ouers dus rustig is en hul geloof in hierdie tyd uitleef, word dit só aan die kinders oorgedra.” (Lig – September 2020)

Ons moet ons kinders teen negatiewe inligting beskerm, alles wat in die media en sosiale media verkondig word, is nie noodwendig waar nie en skep onnodig vrees.

Kinders hoef nie van al die syfers wat die virus betref kennis te dra nie, hul moet net weet hoe om hulself te beskerm. Kweek ‘n oop verhouding met die kinders, sodat hul veilig voel om oor hul vrese te praat en vrae te vra.